© 2012. Toestemming vir afskrifte sonder verandering verleen slegs aan oorspronklikke aankoper.

Storie om te Lees

Jakob and Esau

Genesis 25:19-34

Isak en Rebekkah was lank getroud.
Maar hulle het geen kinders gehad.
Hulle het ernstig gebid vir ‘n seun.
Toe gee die Here hulle twee seuns.

Jakob en Esau was’n tweeling.
Hulle was op dieselfde dag gebore.
Esau het ‘n goeie jagter geword.
Jakob het verkies om tuis te bly.

Omdat Esau die oudste seun was,
Sou hy eendag ’n spesiale geskenk kry.
Jakob wou daardie geskenk baie graag hê,
daarom het hy ‘n slim plan uitgedink.

Op ’n dag kom Esau baie moeg en honger van die jagveld terug.
“Gee my van hierdie sop wat jy gemaak het,” sê hy vir Jakob.”
“Nie voordat jy daardie spesiale geskenk aan my verkoop nie,” antwoord Jakob.

Esau het dit gedoen en sy reg as eergeborene aan Jakob verkoop.
Jakob se selfsigtigheid het baie probleme veroorsaak vir sy familie.

Bybel Vers om te Leer

“Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.”
Filippense 2:4

Vrae om oor te Gesels

Hoe was Jakob en Esau verskillend van mekaar?
Hoe het Jakob Esau behandel?
Wat kan jy doen om iemand van jou gesin belangriker te ag as jouself?